higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 4

(5050114)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 As die waarnemer die gedrag van die model wat waargeneem is, onthou, word dit … genoem.

A aandag
B retensie
C motivering
D reproduksie

1.1.2 As die waarnemer die vermoë het om die gedrag wat waargeneem is na te aap, word dit … genoem.

A reproduksie
B aandag
C motivering
D retensie

1.1.3 Volgens die … -teorie is kinders jonger as ses en 'n half jaar te onvolwasse om te leer lees.

A kognitiewe
B ekologiese
C rypwordings
D gedrags

1.1.4 Die manier waarop ons nuwe inligting inneem en sin daarvan maak, word … genoem.

A assimilasie
B skemas
C ekwilibrasie
D tegemoetkoming.

1.1.5 Die sosiale leerteorie hou verband met leer deur …

A straf.
B ander se voorbeeld na te volg.
C negatiewe versterking.
D positiewe versterking.

1.1.6 Robert M Gagne het die ... van inligtingsverwerking ontwikkel.

A modem
B monument
C model
D marge

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Volgens Piaget se teorie van kognitiewe ontwikkeling vind die sensomotoriese fase tussen die ouderdomme van … plaas.

A 2 en 7 jaar
B 11 jaar en volwassenheid
C geboorte en 2 jaar
D 7 en 11 jaar

1.1.8 Die vermoë van kinders om te leer dat voorwerpe aanhou bestaan selfs as hulle nie meer die voorwerpe kan sien nie, staan bekend as …

A voorwerppermanensie.
B nabootsing.
C onomkeerbaarheid.
D omkeerbaarheid.

1.1.9 Volgens die rypwordingsteorie verkry kinders tussen die ouderdomme van ... beheer oor hulle gesigspiere.

A 40 en 52 weke
B 28 en 40 weke
C 16 en 28 weke
D 0 en 16 weke

1.1.10 Op die ouderdom van twee jaar kan kinders ...

A lang stories en grappe vertel.
B sterk beheer oor groot spiere uitoefen.
C in duidelike sinne praat.
D beheer oor die hulle stoelgang en blaas uitoefen.

(10 × 1) (10)

1.2 Verduidelik die term *bemiddeling/instrumentering* uit die verwagtingsteorie van motivering. (3)

1.3 Noem TWEE elemente wat teenwoordig moet wees vir kreatiwiteit. (2 × 1) (2)

1.4 Noem die VYF vlakke van Maslow se hiërargie van behoeftes. (5 × 1) (5)

1.5 Noem die eienskap van die kreatiewe probleemoplosser in elk van die volgende scenario's. Skryf slegs die eienskap langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Sally-Ann bestee baie ure oor die naweek om kreatiewe idees vir haar onderneming te vind.

1.5.2 Johan se vriende vra dikwels sy raad oor hulle probleme. Hy luister na hulle verskillende sienings en help hulle nadat hy al die kante van die storie gehoor het.

1.5.3 Thando help die kinders met spesiale behoeftes in sy skool. Hy dink gereeld aan kreatiewe maniere om die kinders te help. Soms werk sy nuwe idees nie, maar dit verhoed Thando nie om aan te hou probeer tot hy 'n oplossing vir 'n sekere probleem gevind het nie.

Kopiereg voorbehou

1.5.4 "n Positiewe ingesteldheid lei tot sukses,' sê Lwando altyd vir sy gesin wanneer hulle swaarkry.

1.5.5 Wanneer Kate 'n probleem het, vra sy haarself verskillende vrae af en probeer om met soveel oplossings vir die probleem as waaraan sy kan dink vorendag te kom.

(5 × 2) (10)

1.6 Noem die TWEE belangrikste konsepte van Lev Vygotsky se sosiokulturele leerteorie. (2)

1.7 Noem die VIER stappe betrokke by die proses van Bandura se sosiale leerteorie en gee 'n voorbeeld van elke stap. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 2

2.1 Noem SES faktore wat 'n loopbaankeuse sal beïnvloed. (6)

2.2 Noem VIER punte om in gedagte te hou wanneer vrae tydens 'n onderhoud beantwoord word. (4)

2.3 Noem en verduidelik DRIE van die stelsels in Bronfenbrenner se ekologiese teorie. (3 × 2) (6)

2.4 Jy voel die afgelope tyd baie ongemotiveerd.

Noem DRIE maniere waar jy jouself kan motiveer en bemagtig om jou doelwitte te bereik. (3 × 2) (6)

2.5 'n SSGB- ('SWOT')ontleding kan gebruik word om positiewe en negatiewe aspekte van 'n doelwit of plan te bepaal.

2.5.1 Waarvoor staan *SSGB*? (4)

2.5.2 Jy wil om die posisie van assistentonderwyser aansoek doen.

Doen 'n SSGB-ontleding van jouself as 'n Vlak 4 Onderwys en Ontwikkeling-student. (4 × 2) (8)

2.6 Bronwyn doen aansoek om 'n pos as 'n geleentheidsbeplanner.

Gee EEN voorbeeld van elke van die volgende vaardighede wat Bronwyn vir die posisie moet hê. Skryf die voorbeeld langs die vraagnommer (2.6.1–2.6.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.6.1 Funksionele vaardigheid

2.6.2 Persoonlike vaardigheid

2.6.3 Bedryfsvaardigheid

(3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n woord/item uit KOLOM B om by 'n woord/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Liggaamlik kinesteties	A	hou van mense
3.1.2	Musikaal	B	hou daarvan om alleen te wees
3.1.3	Interpersoonlik	C	geniet kuns
3.1.4	Intrapersoonlik	D	om ballet te doen
3.1.5	Visueel-ruimtelik	E	om kitaar te speel
		F	geniet spelling

(5 × 1) (5)

3.2 Noem AGT tegnieke om kinders se kreatiwiteit te verbeter. (8 × 1) (8)

3.3 Noem en verduidelik die eerste VIER stappe van die probleemoplossings-proses. (4 × 2) (8)

3.4 Karl is vir sy skool se eerste sokkerspan gekies.

Noem DRIE aansporings wat vir hom positiewe versterking sal bied om goed te vaar. (3 × 2) (6)

3.5 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

> Juf. Zee glo in die belang van groepwerk waar kinders op een vlak by die skool kinders op 'n laer vlak kan help. Juf. Zee help hulle deur die regte hulpbronne te verskaf namate hulle vorder en wanneer nodig, en werk inderwaarheid as 'n fasiliteerder. Sy maak seker dat al die leerders aktief by die leerproses betrokke is en gee hulle voortdurend uitdagings met besprekings en interaktiewe lesse.

3.5.1 Noem die teorie wat in bostaande scenario beskryf word waarvolgens kinders se vermoëns deur sosiale interaksie verbeter en ontwikkel word. (2)

3.5.2 Gee DRIE voorbeelde van hierdie teorie deur na die scenario te verwys. (3 × 2) (6)

3.6 Definieer die term *kreatiwiteit*. (2)

3.7 Beskryf wat 'n *curriculum vitae* (CV) is. (3)

[40]

VRAAG 4

4.1 Watter TWEE aktiwiteite sal help om 'n leerder met taalintelligensie te stimuleer? (2 × 2) (4)

4.2 Lees die volgende voorbeelde van die gedragsteorie. Toon aan of dit KLASSIEKE of OPERANTE kondisionering is. Skryf slegs 'Klassiek' of 'Operant' langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.2.1 Kgotso se pa het belowe om vir hom R100 te gee as hy 70% vir al sy vakke aan die einde van die jaar kry.

4.2.2 Thandi is as kind deur 'n slang gepik. Die slang het gesis voordat dit haar gepik het. Sy raak elke keer bang as sy 'n slang sien.

4.2.3 Mnr. McCoy sukkel om sy leerders in 'n ry voor die klas te laat staan ná pouse. Hy sê vir hulle dat hulle in 'n ry moet staan wanneer hy sy fluitjie blaas.

4.2.4 Chris se ma het al baie kere vir hom gevra om nie sy klere op die vloer te gooi nie. Chris hou aan om sy klere op die vloer te gooi, en daarom gee sy ma nie vir hom sakgeld nie.

(4 × 2) (8)

4.3 Noem TWEE tegnieke wat in gedragswysiging gebruik word. (2)

4.4 Gee TWEE redes waarom stap 1 in die probleemoplossingsproses so belangrik is. (2 × 2) (4)

4.5 Kinders leer deur probleemoplossing.

Noem VIER dinge wat kinders kan leer deur hulle eie probleme op te los.

(4 × 2) (8)

4.6 Opvoeders moet doeltreffende maniere ontwikkel om probleme te hanteer.

Gee 'n geskikte oplossing vir die volgende probleme wat 'n opvoeder in sy/haar klaskamer kan ervaar. Skryf slegs die oplossing langs die vraagnommer (4.6.1–4.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

PROBLEEM ERVAAR	OPLOSSING VIR DIE PROBLEEM
Raserige leerders in die klaskamer	4.6.1
Leerders kom laat in die klaskamer	4.6.2
Leerders kom honger skool toe	4.6.3
Leerders doen nie hulle huiswerk nie	4.6.4
Leerders skeer gek in die klas	4.6.5

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.7 Jou probleem is dat jy jou Engels-toetse gedruip het. Jou oplossing is om by 'n studiegroep aan te sluit om jou te help om deur te kom.

Watter TWEE vrae kan jy jouself afvra om te evalueer of dit die regte oplossing is? (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 5

5.1 Jy is besig om 'n CV op te stel, want jy is op soek na werk.

Noem VIER basiese vereistes van 'n CV. (4)

5.2 Noem VIER faktore wat probleemoplossing kan beïnvloed. (4)

5.3 Kies 'n scenario uit KOLOM B om by 'n fase in Piaget se kognitiewe ontwikkelingsteorie in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.3.1	Formeel operasionele fase	A	Thandi kan 5 + 3 bereken en die regte antwoord kry
5.3.2	Pre-operasionele fase	B	Lynette dink logies oor abstrakte dinge en kom met oplossings vir haar probleme vorendag
5.3.3	Konkreet-operasionele fase	C	Mia boots alles na wat haar ouer suster doen
5.3.4	Sensomotoriese fase	D	Sipho sien raak dat sy T-hemp 'n verskeidenheid kleure en patrone het

(4 × 2) (8)

5.4 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

In 2015 het Amanda vir 'n jaar 'n assistentonderwyser by Little Saints geword. Amanda het besluit dat sy verder wil studeer en het in 2019 haar Baccalaureusgraad in Opvoedkunde verwerf. Sy het as 'n ten volle gekwalifiseerde onderwyser na haar ou skool teruggekeer. Vyf jaar later het Amanda die hoof van die skool geword.

5.4.1 Teken 'n diagram van die loopbaan wat Amanda gevolg het. (3 × 2) (6)

5.4.2 Noem die loopbaan wat Amanda gevolg het en motiveer jou antwoord. (2 × 2) (4)

5.5 Jou vriendin het jou vertel dat sy graag 'n werk in haar gemeenskap wil hê.

Noem VIER maniere waarop jy haar kan help om 'n werk te vind. (4 × 2) (8)

5.6 Verduidelik die term *intrinsieke motivering*. (2)

5.7 Lees die volgende scenario en beantwoord die vraag.

> Juf. Kulani glo dat leerders se motivering baie belangrik is. Sy verdeel groot take in kleiner eenhede en maak seker dat sy die take onder die leerders verdeel. In haar klaskamer is daar 'n balans van maklike en meer uitdagende take. Die leerders word gemotiveerd om hard vir hulleself te werk.

Dit is duidelik uit die scenario dat juf. Kulani haar leerders ekstrinsiek motiveer.

Gee TWEE voorbeelde uit die scenario wat dit ondersteun. (2 × 2) (4)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou